**Die nuwe verbond: Wie is die oorblyfsel uit Israel?**

**Eseg 37:15-28**

**8 Desember 2024**

1. Uit Jer 31: In die nuwe verbond gaan die Here nuwe harte gee deur die Heilige Gees, en effektiewe sondevergifnis deur die werk van die Here Jesus.
2. Uit Jer 30-33: Die Here beloof terugkoms na beloofde land aan oorblyfsel uit Israel en Juda. Die Here beloof ook: hulle gaan die Here en Dawid dien, dorpe herbou, groei na groot getalle, eer van die Here ontvang, nie rou nie, die Here sal vreugde in Jerusalem hê.
3. Tog keer net 'n oorblyfsel uit Juda in die Ou Testament terug, nie ook 'n oorblyfsel uit Israel nie, en al die ander beloftes is in die Ou Testament grootliks onvervuld – Is hierdie terugkerende Juda-ballinge werklik die oorblyfsel?
4. Ou verbond is gevul met nabootsings (Heb 8:5, 9:24): ballingskap is nabootsing van finale oordeel, terugkerende Juda-ballinge is nabootsing van werklike oorblyfsel, beloofde land is nabootsing van ewige heerlikheid
5. Wie is die oorblyfsel uit Israel en Juda wat wel die verlossing van die Here sal ontvang?
    a. Eseg 36 – aankondiging van die komende nuwe verbond
    b. Eseg 37:1-14 – in nuwe verbond gaan die Heilige Gees lewe blaas in <u>hele</u> Israel
    c. Eseg 37:15-28
        - Israel en Juda gaan herenig word – en vorm so <u>hele</u> Israel
        - Val saam met: terugkoms na land, een koning Dawid, reiniging, ewige vredesverbond, die Here gaan in hulle midde woon – dit realiseer nie in die Ou Testament nie
    d. Nuwe Testament: Jode = stam af uit Juda; Samaritane = stam af uit Israel
    e. Joh 4:19-24 – Aanbidding in nuwe verbond in gees en waarheid – soortgelyk vir Jode en Samaritane (nabootsings verdwyn)
    f. Hand 2:5,11,23, 38-41 – Jode kom tot geloof deur die Heilige Gees
    g. Hand 8:4-6, 12, 14-17 – Samaritane kom tot geloof deur die Heilige Gees
    h. Hand 9:31 – Jode en Samaritane vorm een kerk – beloofde hereniging realiseer
    i. Sluit selfs ander nasies in: Gal 3:6-9, Rom 2:28-29, Ef 2:11-18
    j. Ware oorblyfsel is ware gelowiges uit alle nasies (Juda/Israel was OT nabootsings)
6. Hoekom het die Here wel in die Ou Testament 'n gedeelte van die Judastam teruggebring uit ballingskap?
    a. Hoekom het 'n deel van Juda teruggekeer, maar nie ook 'n deel van Israel nie?
    b. Daar was uitstaande belofte rakende Juda: Jesus moes nog uit Juda kom – dus moes Juda as stam bewaar word
7. As die nuwe verbond eers in die Nuwe Testament gerealiseer het, hoe is Ou Testamentiese gelowiges, soos die waarvan ons in Heb 11 lees, dan gered?
    a. Waarin het die OT gelowiges geglo, en waar het hulle geloof vandaan gekom?
    b. Beginsels van die Here se verlossingsplan geld van die begin af – word geleidelik in openbaringsgeskiedenis ontvou sodat ons dit geleidelik kan leer begryp
    c. OT gelowiges het in die beloftes van die Here geglo – bv die belofte van komende Verlosser in Gen 3
    d. Hulle geloof is deur die Heilige Gees gewerk – soos in die nuwe verbond (HG is reeds in Gen 1 aktief)
    e. Jesus Christus se werk is terugwerkend effektief ook vir OT gelowiges (swembad draaihekkie storie)